


Voltooi die volgende blokkiesraaisel:




DWARS

2. Die Voortrekkerwapen bestaan uit 'n wiel en ...
3. Die kleure van die Voortrekkervlag is rooi, wit en ...
4. 'n Seun van gr 0 tot 7 wat 'n Voortrekker is
6. Die toekenning wat graad 7's kry
8. Wanneer jy iets voor getuies belowe
11. Die persoon wat leiding neem in 'n kommando
12. 'n Dogter van gr 0 tot 7 wat 'n Voortrekker is.
14. 'n Voortrekker hou die ... en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
15. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy ...
16. Kommando's word saamgegroepeer in 'n ...
17. 'n Naskoolse Voortrekker wat nie 'n offisier of heemraad is nie.
18. Die C van ABC staan vir ...
19. Die B van ABC staan vir ...
20. Die hoofdagbestuur bestaan uit Adjunk-hoofleiers en die ...

AF

1. 'n Hoërskool Voortrekker.
5. Die hoogste gesag in die Voortrekkers.
7. Oorde word saam gegroepeer in 'n ...
9. Die A van ABC staan vir ...
10. Dit is 10 reëls wat sê hoe 'n Voortrekker moet lewe. Dit staan bekend as die Voortrekker.....
13. Die leuse van die Voortrekkers (een woord).

1. Kopieer die volgende webadres na jou Internet-deurblaaier.
<http://www.crosswordpuzzlegames.com/create.html>




2. Jy is nou by die program wat die blokkiesraaisels skep.



3. Besluit op 'n tema vir jou blokkiesraaisel. Jy kan bv. die Voortrekkerkode gebruik of algemene kennisvrae oor Voortrekkers.
4. Begin nou om die woorde (*Word*) en leidrade (*Hint*) in te sleutel.

Word	Hint
Penkop	'n Seun van gr 0 tot 7 wat 'n Voortrekker is.

5. Besluit self hoeveel woorde en leidrade jy gaan gebruik. Daar is plek vir 20 woorde. As jy klaar is, klik op *Create My Crossword Puzzle*.



Jou blokkiesraaisel is dan geskep.

6. Jy kan dit uitdruk. Maak net seker jou webblaaier is gestel om kleure te druk. Dit is egter beter om 'n skermkoot (*Print Screen*) van die blokkiesraaisel te maak of om die blokkiesraaisel uit te sny met 'n program soos *Snipping Tool* en in 'n Woordverwerkingsdokument te plaas. Kopieer die leidrade ook na die Woordverwerkingsdokument. Jy kan dan die woorde verander soos ACROSS (Dwars) en DOWN (Af). Die leidrade word in 'n tabel geplaas.
7. Die blokkiesraaisel op die vorige bladsy is vir graad 7's vir Voorslagvoorbereiding. Dit kan egter ook gebruik word vir Verkenners.